NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM**: Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

07.03

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring:	Humansdorp
Titel van Projek:	Seekamp

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
Naam:	Kobus Stapelberg
Posadres:	Posbus 56, Kareedouw, 6400
E-pos:	jpmstapelberg@gmail.com
Faks:	
Tel. (k):	
Tel (h):	
Selfoon:	0761640548

Kobus Stepelberg	04/10/16
Handtekening Projekvoorsteller	Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) David Higgs , in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van Humansdorp, dat hierdie projek op 19 September deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

D Higgs	4 Oktober 2016
Handtekening Voorsitter / Skriba	Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Na gesprek met 'n klomp jong predikante oor die hele Oos-kaap het ons gevind dat daar 'n leemte is vir 'n lekker Seekamp. Die doel is om vir graad 8 tot 10 leerders kans te gee om in 'n gemaklike informele wyse die waardes van Christenskap aan te leer en te beleef. Ons ervaar dat daar baie moeite gedoen word met belydenisklasse, maar dat dit dikwels te laat is om dan al die waardes in een jaar te beleef. Ons glo dat dit vir ons kinders baie kan beteken en werklik waarde tot hulle geloof sal kan voeg en nuwe energie sal losmaak om te gaan dien in hulle gemeentes. Dit sal selfs as 'n geleentheid dien vir kinders wat God nog nie so goed ken of selfs glad nie ken nie, om Hom werklik te beleef en die boublokke te kry wat hulle nodig het om in 'n ware verhouding met Hom te leef.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Kobus Stapelberg en Nardus Greyling neem verantwoordelikheid vir die projek vanuit Humansdorp ring. Alhoewel alle gemeentes in die Oos-Kaap genooi sal word en ons hande vat met ander jong predikante in die Oos-Kaap. Ons vat ook hande met die VCSV. Die VCSV neem verantwoordelikheid vir die kamp en die predikante neem verantwoordelikheid vir die inhoud. Die teikengroep is alle graad 8 tot 10 leerders oor die hele Oos-Kaap. Ons glo dat elke gemeente wat kinders stuur sal kan baat uit die kamp en so ook elke kind wat self kom kamp.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	**Tydsverloop**
Beplanning van die kamp	Februarie tot Junie
Kamp self	19-21 Julie

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	**Van waar (gemeente, ander)**
Kobus Stepelberg	Humansdorp gemeente
Nardus Greyling	Jeffreysbaai gemeente
Matthys Cronje	VCSV

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	**Hoeveelheid**
Alles wat benodig word vir kamp...	Hang van inskrywings af

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Hierdie is die eerste poging vir die kamp en daarom is dit baie moeilik om 'n werklike bedrag te bepaal van wat ons benodig. Ons is ook nie seker oor hoe die getalle gaan lyk nie, maar ons hoop vir 'n groep van +- 200. Daar gaan inskrywingsgeld wees wat elkeen gaan betaal, maar die doel van die aanvraag is sodat ons daardie koste per kind so laag as moontlik kan hou. Ons sal graag die inskrywingsgeld wil uitwerk op slegs verblyf en kos en dan alle verdere onkostes gedek wil he. Die onkostes gaan dus vir toerusting wat benodig word, bemarking en ook vir kinders wat graag sal wil kamp, maar nie noodwendig finansies daarvoor het nie. Baie groepe kan ook van ver af kom en dan gaan hulle reiskoste ook hoog wees. Daarom kan ons nie werklik 'n begroting deurgee nie en vra ons slegs vir 'n bedrag waarmee ons dan te werk sal kan gaan.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	**Bedrag**
TOTAAL:	

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	**Bedrag**
• Reiskoste	
• Verblyfkoste	
• Rekenaaruitgawes	
• Skryfbehoeftes	
• Drukwerk	
• Telefoon	
• Posgeld	
• Verversings	
• ANDER (spesifiseer asb):	
TOTAAL:	

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	

MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R20000

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	**Bedrag**
Maart	R10000
Mei	R10000

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Nota:
Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf